Bybel vir Kinders

bied aan



Daniël en die Leeukuil

Geskryf deur: Edward Hughes

Ge-illustreer: Jonathan Hay

Vertaal deur: Gert Badenhorst

Aangepas deur: Mary-Anne S.

Storie 34 van 60

www.M1914.org

Bible for Children, *PO Box 3, Winnipeg, MB R3C 2G1 Canada*

Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Afrikaans

Darius was die nuwe koning in Babel. Hy was slim. Hy het honderd en twintig van die beste amptenare in die koninkryk gekies om hom te help regeer.



Van hulle het hy drie óór die ander aangestel. Daniël was een van hierdie drie.



Koning Darius het soveel agting vir Daniël gehad, dat hy dit oorweeg het om hom in beheer te stel van sy hele koninkryk.



3

Die ander leiers was jaloers. Hulle het probeer fout vind by Daniël, sodat hulle hom by die koning in onguns kon bring.

4

Hoe hard hulle ook al probeer het, hulle kon niks verkeerds by Daniël vind nie. Hy was in alles getrou aan die koning. Hy was natuurlik ook versigtig en uitgeslape, en het alles so goed as moontlik gedoen.

5

Die jaloerse leiers het besef dat hulle Daniël net op een manier sou kon vastrek. Hulle het geweet dat niks op aarde hom sou keer om die God van Israel te aanbid nie.

6



Daniël se vyande het 'n plan gekry. Hulle het 'n nuwe wet opgestel wat die koning moes teken. Dié wet het bepaal dat almal net vir koning Darius moes aanbid. Enigeen wat weier, sou in die leeukuil gegooi word!

7

Koning Darius het die nuwe wet onderteken.

8

Die nuwe wet het geen verskil vir Daniël gemaak nie. Hy het gedoen wat hy altyd gedoen het. Hy het drie maal per dag by sy oop venster gekniel en tot die God van die hemel gebid.



9



Die jaloerse leiers is haastig na die koning toe om hom daarvan te vertel. Koning Darius het nie juis 'n keuse gehad nie, hy moes Daniël laat arresteer.

10



Die wet moes uitgevoer word. Daniël moes sterf. Die koning het als probeer, maar hy kon geen manier vind om die wet te omseil nie.

11

Daniël is ter dood veroordeel: hy sou in 'n leeukuil gegooi word. Voordat Daniël vir die honger leeus gegooi is, het koning Darius vir hom gesê: "Mag jou God, wat jy so getrou dien, jou red!"



12

Die koning kon daardie nag nie slaap nie. Baie vroeg die volgende oggend is hy haastig terug na die leeukuil toe.

13

Koning Darius het uitgeroep: "Daniël, dienaar van die lewende God, was die God vir wie jy so getrou dien, instaat om jou van die leeus te red?" Miskien het hy nie verwag om 'n antwoord te kry nie. Maar Daniël hét geantwoord!

14

Daniël het uitgeroep: "O Koning, my God het sy engel gestuur om die leeus se bekke toe te sluit, sodat hulle my niks kon aandoen nie! Ek het niks verkeerds teenoor u gedoen nie, o Koning!"

15

Koning Darius was baie bly! Hy het beveel dat Daniël uit die leeukuil gehaal moes word.



16

Die koning het besef God het Daniël gered en dat Daniël se vyande ook God se vyande was. Hy het 'n bevel gegee en almal wat hom mislei het met die ondertekening van die bose wet is in die leeukuil gegooi. Die leeus het hulle opgevreet.

17

Koning Darius wou hê dat die hele wêreld moes weet dat die God van die hemel sy getroue dienaar, Daniël, beskerm het. Die koning het 'n brief geskryf waarin hy almal beveel het om die lewende God te dien. En die koning het Daniël in sy eer en leiersposisie herstel.



18

Daniël en die Leeukuil

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Daniël 6

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

God weet ons het lelike dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood.

God het ons so lief gehad dat hy Sy Enigste seun, Jesus, gestuur het om aan 'n kruis te sterf om vir ons sondes te betaal. Jesus het lewendig geword en Hemel toe gegaan! Sodat God ons ons sondes kan vergewe.

As jy nou jou sondes vergewe wil he, se die volgende aan God: Liewe Jesus, ek glo dat U vir my gesterf het en weer opgestaan het. Kom asseblief in my lewe in en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, en eendag vir ewig saam met U kan lewe. Help my om vir U te lewe en U kind te kan wees. Amen. Johannes 3:16

Lees die Bybel en praat met God elke dag!